Van wanhoop na hoop
12 November 2023
Ds. Willem Badenhorst

willem.badenhorst@moreleta.co.za

Inleiding

Ons leef in 'n hooplose menslike situasie. Rondom ons is haat, pyn, seer, wanbestuur, oorloë, verkragtings, kindergeweld- en pornografie, ens. Mense het hoop nodig!
Baie keer kan ons die vrae vra: Hoekom ek Here? Hoekom het my kind selfmoord gepleeg? Hoekom kry iemand na aan my kanker? Hoekom was ek in 'n motorongeluk? Hoekom het hulle by my ingebreek?
Maar tog gebeur slegte goed en is telleurstellings daar in die lewe.

Dit is onvermydellik, onvoorspelbaar en onpartydig.
Die Bybel gee egter vir ons hoop. Bybelse hoop besit nie twyfel nie. Bybelse hoop is 'n vaste sekerheid.
Bybelse hoop is 'n Persoon. Maak hoop jou vashouplek in die lewe.

Lees saam

Skrifgedeeltes:

- Rom. 15:13
- Jer. 29:11
- Heb. 11:1
- Hand. 4:12
- Matt. 5:45
- Rom. 12:12

Gesels saam

- Wat leer ons van God in hierdie Skrifgedeeltes?
- Watter struikelblokke hou jou terug in die lewe?
- Hoe gaan jy hierdie struikelblokke oorkom?
- Hoe gaan jy jou denke verander van wanhoop na hoop toe om vas te hou aan God as jou hoop?

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Doen saam

Wat sê die Woord moet ek gaan doen?

- Fokus daarop om jou gedagtes te verander van negatief na positief/van wanhoop na hoop.
- Moedig mekaar as kringlede aan om hoopvol te leef.

Bid saam

1. Vra die Heilige Gees dat julle hoop in God al hoe sterker kan word. Rom. 15:13
2. Vra dat die Heilige Gees jou denke sal vernuwe/verander.
3. Bid vir beskerming teen valse/wêreldse hoop en dat jou oê gevestig sal bly op Jesus, ons enigste Hoop.

Navrae
kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam
Gebedsversoeke
076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?
Berading - Moreleta Wholeness Sentrum wholeness@moreleta.co.za 012 997 8035